Ges 2 : 3
Ges. 138 : 2, 5.
~~Ges 141 : ...~~
" 125 : ~~3~~ 5

Maria Magdalena.

Joh. 20: 1-18

Wt. 13 apr. 1941
Pta-Oos 1 Apr. '51
Potch. K. 17 Apr. 55
Ark. 9 apr. 61

Joh. 20: 16 – Jesus sê vir haar: Maria! Sy draai haar om & sê vir Hom: Rabbouni! (Meester)

'n Geskiedskrywer se vaardigheid om 'n groot gebeurt. te beskrywe lê baiekeer nie in wat hy verhaal nie, mr. juis in wat hy verswyg. Dis somtyds nie wat hy sê nie, mr juis dit wat hy weglaat wat sy beskrywing so belangrik & aangrypend maak.

Daar is sekes geen gesk. waar hd. waarhd duideliker na vore kom as in die Ev.e se beskrywing v.d. dood en opstanding v. Xtus. Die wonder van die hele gebeurt. kom baiekeer meer na vore deur wat die skrywer verswyg as wat hy vertel. Of somtyds is daar net een woord of een naam in 'n gedeelte waaragter daar so oneindig baie opgesluit lê en dis eers wanneer ons sulke dinge begin raaksien dat Gods Wd vir ons sy volle betekenis begin kry.

So bv. vertel al die Ev.e ons van Jesus se verskynings na sy dood – sommige korter, ander langer. Party vermeld & noem ~~die~~ 'n verskyning wat die ander nie van praat nie. Mr. baie duidelik beklemtoon Markus dat Jesus eerste aan Maria Magdalena verskyn het. En waar ons v/o stilgestaan het by daar wil ons v/a praat oor hd. eerste verskyning v. Jesus na sy opstanding om d/deur te probeer aantoon watter wonderlike Jesus ons as ons Meester het, en wat dit beteken dat ons v/daag nog vir Hom as ons pers. vriend kan hê.

I En nou, voordat ons oor die verskyning v. Jesus kan gesels, moet ons onsself eers afvra: Wat weet ons v. hd. Maria Magdalena aan wie Hy verskyn het? Wie was sy en wat het sy gemaak? al wat ons van haar weet is die volg:
① ~~Jesus & dissipels~~ 'n Vrou uit wie Jesus 7 duiwels uitgedryf het. En nou moet ons verstaan dat as mense in Jesus se tyd gepraat het van

iemand in gesê het dat so 'n persoon "v. d. duiwel besete" was dan het hulle daarmee bedoel dat so 'n persoon van sy verstand was – of mal soos ons dit uitdruk: dus M.M. was 'n kranksinnige aan wie Jesus weer haar volle verstand teruggegee het. En as die skrywers vermeld dat sy v. 7 duiwels besete was dan meen dit net dat sy nie 'n bietjie mal was nie mr baie mal: 'n persoon wie se gees heeltemal versteur was!

- (2) Die 2e dingetjie wat ons v. M.M. weet is dat sy een v. d. vroue was wat Jesus met haar goed gedien het – dat sy agter Jesus gegaan het op sy reise en gehelp het in sy lewensonderhoud.
- (3) Die 3e dingetjie is 'n klein mededeling v Joh. dat hy die Kruis v. Jesus het gestaan sy moeder & sy moeder se suster & – Maria Magdalena.

M.M. was dus nie iemand wat 'n besonder groot rol in Jesus se lewe gespeel het nie: was niemand van aansien of gesag of besondere stand nie.

→ Mr. waarom het Jesus dan eerste aan haar verskyn? Waarom het Hy spesiaal eerste na haar gekom? Ek vra die vr. met nadruk omdat daar so baie, so oneindig baie afhang v. wat Jesus na sy opstanding gaan doen. Wat sou ons verwag dat Hy moes doen? Sou Hy anders wees? Sou Hy op 'n ander manier tewerk gaan?

As ons eerlik wil wees sal ons moet erken dat ons een v. 2 dinge verwag:

A Ons sou sekerlik kon verwag dat Jesus ~~so eerste daad~~ sou terugkom met 12 legioene engele, voor Hom dat hy die verbaasde owerhede (F. & S.) sou dagvaar en hulle verdoem tot ewige straf & dood! Of miskien Pilatus voor sy regterstoel daag & hom goed die waarheid vertel dat dies. ~~Romeinse~~ Ryk wat hom (Xt.) veroordeel het sou ten gronde gaan mr. dat Sy Ryk vir altyd sal bly? Of miskien vir Herodus & Annas gaan vertel het dat hulle spot & hoon niks uitgerig het nie! – Mors nie sy tyd – weet: Kan niks so uitr



Mr. as ons 'n oomblikkie nadink sal ons besef: nee, die Jesus wat ons leer ken het maak nie so nie. Hy het geen tyd om op sulke dinge te mors nie – liefde uiterlike vertoon – daar is ander dinge wat gedoen moet word: groter & beter dinge: daar is gebroke harte wat weer gesondgemaak moet word, daar is 'n groepie mense wat gered moet word van hulle droefheid & duistere pessimisme! Besig om sy Kon. te bou!

B Dis daarom dat ons sou verwag dat Jesus eers aan sy eie dissipels sou verskyn of aan sy moeder of aan 'n paar v.d. groep: hulle harte was reg net so gevul met angs & wonder & vrees na die nuus dat hy nie meer in die graf was nie! Waarom dan eerste aan Maria?

Die antw. wat gew. gegee word is dat Hy eerste na haar gaan omdat sy Hom so baie liefgehad het – gaan om liefde te erken. / Mr so 'n antw. is sekerlik nie standhoudend nie: as Jesus eerste moes gegaan het na die mense wat Hom die meeste liefgehad het dan is daar bv. Sy Moeder, Maria v Bethanië, Joh. (die dis. wat hy liefgehad het). En die rede waarom Jesus nie eerste na hulle gaan nie is omdat hy weet: die liefde is sterk, die liefde kan wag, die liefde "hoop alles, verdra alles" Nee, Jesus het nie na M.M. gegaan om haar liefde wat die grootste was, te erken nie.

Die rede was dat haar behoefte, nie haar liefde, die grootste, was. (hy verskyn a d een wie se behoefte d grootste is) Daar was 2 mense wat Jesus baie nodig gehad het: die een – Petrus; die ander – M.M. — Petrus wat na sy daad v verloëning besig was om 'n ontsettende sielestryd deur te maak; en Maria Magd. Mr. Jesus verskyn eerste aan M.M. omdat sy die een was wat Hom die meeste nodig gehad het!: Sy was besig om van haar verstand te gaan.

Ons hoef mr net vir 'n oomblikkie te kyk na wat Joh. ons hier vertel om te sien dat Maria vinnig op pad was om weer kranksinnig te word.

~~En veral as ons dink aan haar verlede dan word die hele saak vir ons duidelik. Jesus het haar gesond gemaak, het haar geestesbalans weer herstel: het haar die grootste weldaad bewys i.h. haar lewe. En alom het sy Hom gevolg met haar hele hart, met haar hele siel: van d.d. oomblik was al haar kragte, al haar talente & vermoëns, al haar goed, toegewy aan Hom! Alle ander bande het sy verbreek — Hom alleen gevolg! Haar hele lewe opgegaan in sy diens!~~

~~Nr. dan word Jesus gekruisig — Hy sterf & word begrawe — en sy, M.M. was daarby & het dit gesien. Met sy dood val die fond. v. haar lewe weg — in haar verstand maal net die een gedagte: My Meester is weg, my Meester is dood — ek het niks meer om voor te lewe nie! Die skaal van haar geestesbalans was vinnig besig om uit werking te raak!~~ //

En as ons nou die verhaal v. Joh. lees dan sien ons so duidelik hoedat M. se hele optrede die houding weerspieël van iemand wat besig
(1) is om mal te word. ① Sy is een v. die wat die
. eerste daar is (baie vroeg die môre); ② Sy het net
(2) een idee wfom haar gedagtes gedurig maal. Sy sê dit aan P. & herhaal dit later a.d. engele:
"Hulle het my Here weggeneem & ek weet nie waar
(3) hulle Hom neergelê het nie." ③ As die ander
(4) teruggaan bly sy by die graf; ④ As Jesus voor haar staan ken sy Hom nie, omdat haar hele denke deurtrek is v. die een gedagte: "Meneer, as U Hom weggedra het, sê vir my waar U Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem". ⑤
(5) Sy sê ook nie van wie sy praat nie — sy dink, soos alle geestesiekes meen, dat elkeen weet wfvan ~~hulle~~ sy praat — almal h.d. tekens v. haar abnormale geestestoestand.



En dan is dit dat Jesus haar aanroep, haar teruggroep na haarself as Hy uitroep: Maria! Watter wonderlike betekenis lê daar nie opgesluit in d.d. een enkele wd nie!

① Wd v. Herinnering: Iets was daar in die klank van sy stem, iets bekends wat tot haar benewelde brein deurgedring het: Maria! Vir 'n oomblik word die malende stroom v. haar verwarde gedagtes gestil om plek te maak vir die herinnering aan d.d. eerste keer toe dit d.d. selfde stem was wat haar tot haarself gebring het. Hoe wonderlik is dit nie nou om weer d.d. stem te hoor: Maria!

② Wd. v. Krag: Nr. dis ook 'n wd v. Krag! Xtus keer nie alleen haar gedagtes van haarself nie, maar in sy stem lê ook al die Krag & sekerheid & oortuiging opgesluit w/mee Hy haar weer gesond maak, die godd. Krag wat uitgaan van Hom, die groot Heelmeester as Hy haar aanspreek: Maria!

③ Wd v. ~~Liefdevolle~~ Betigting: Teregwysing: Nr. in die wd lê daar ook opgesluit 'n liefdevolle Teregwysing, 'n stille verwyt, asof Jesus wou sê: "Maria, het jy my dan nie herken nie, het jy my dan nie geglo nie? Was my beloftes aan julle dan nie sterk genoeg om julle staande te hou nie? Maria!"

// En Maria, uit die volheid van haar hart, as sy neerval aan sy voete om haar arms om sy ~~voete~~ bene te slaan het net een antw: My Meester! Wat nie alles daarin opgesluit lê nie!

① Uitroep v. Vreugde: Blydskap, onstuimige vreugde in hart oor groot antd: My Meester lewe! Hy is nie dood nie — Hy het waarlik opgestaan! By My — Voor My — Bo My! My Meester!

7) Uitroep van Dankbaarheid: Dankbare erkentlikheid: Dankie, my Heer, dat u my van myself gered het, van al my twyfel & waansin, dat u my gekeer het van weer kranksinnig te word. Dankie – My Meester!

8) Uitroep van Alg. Toewyding: Mr. bo alles kom Maria aan Jesus sê: Ek sal nie meer twyfel nie, ek sal nie meer ongelowig wees nie, ek kom nou om my vir altyd aan u te gee – ek het teruggekom – nie vir 'n tyd nie, mr. vir altyd! En nou kan ek myself aan u diens toewy vir tyd en vir ewigheid. Neem my in u diens – My Meester! Ek was verlore – mr. het u nou gevind – My Meester!

En nog doen Jesus 'n wond. ding:

En nou neem Jesus dd. vreugde & dankbare liefde & toewyding v Maria & stuur dit in 'n hoër rigting. Hy weet dat Hy nie altyd op d. wêreld gaan bly nie, – oor 40 dae sal Hy opvaar – & daarom besef Hy die noodsaak om Maria iets te gee w/aan sy vir altyd kan vashou. En daarom gee Hy aan haar die opdrag: "Gaan na my broers & sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader & julle Vader, en my God en julle God!" Baie duidelik wil Hy haar laat verstaan dat dit nie sy liggaam is wat sy moet aanbid nie – mr. homself. En daarom gaan Hy weg, om d/mee nie aan haar nie, mr. aan almal na haar, die bye gemeenskap met Hom te gee – vir ewig & altyd!

Toep: So leer ons ons Meester ken in al die wonder van Sy liefde: ons sien Hom:

1) As die opgewekte Meester wat nie deur uiterlike vertoon & prag & praal mense



wil verander nie, mr. wat altyd eerste gaan na hulle wat Hom die meeste nodig het.

~~En daardeur kom Hy ons sê dat Hy nog elke dag van ons verwag~~

Is ons getroue volgelinge, dissipels van Hom hierin dat ons soek om te help daar waar die behoefte die grootste is?

2) Mr. ons sien Hom ook as die opgewekte Meester wat elkeen v. ons kom opsoek om ons gesond te maak. Hy kom & noem ons by die naam: Maria! Hoor ons die herinnering in dd. stem, (her- aan alles wat Hy gely het), voel ons die krag wat uitgaan & die liefde! En wat antwoord ons: Draai ons om & sê: My Meester! of draai ons weg & sê: Ek het u nie geken nie! Is dit soos ons teenoor Hom staan met dd. selfde vreugde, dankbd & toewyding in ons harte?

3) Ons sien Hom bo alles as die opgewekte Meester wat ons uitstuur met die opdrag: Gaan na my broers & sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader & julle Vader, my God & julle God! Hoor ander dit van ons dat ons Vader ook hulle Vader is, & ons God hulle God? Of is ons God vir ons so min werd dat ons skaam is om ander van Hom te vertel?